

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 23 - nr. 36)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

3 September 2023

EREDIENS: dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Mattheus 5:17 – 26 (1933 '53 Vert)

Teks: Mattheus 5: 21-22

Sing- VOORAF SANG: Ps. 71:1, 9

TYDENS EREDIENS: Ps. 66: 1, 7; Ps. 40: 4,5;
Ps. 48:5; Ps. 40:3

GEHEIME MOORD

21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. 22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur (1933 '53 Vert)

21 "Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie;1 en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'. 22 Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitstel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitstel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur (1983 Vert)

21 "Julle het gehoor dat aan die voorouers gesê is,24 'Jy mag nie moord pleeg nie,25 en wie moord pleeg, is strafbaar voor die reg.' 22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat kwaad is vir sy broer,26 strafbaar voor die reg is. En wie vir sy broer sê, 'Raka!'27 is strafbaar voor die Sanhedrin.28 En wie sê, 'Jou dwaas!' is strafbaar in Gehenna29 met sy vuur (2020 Vert)

Vooraf sang: Ps. 71:1, 9

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 66: 1, 7

Geloofsbelydenis

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing:

Ps. 40: 4, 5

Woorddiens

Gebed

Sing: Ps. 48: 5

Skriflesing: Mattheus 5:17 – 26

Teks: Mattheus 5: 21-22

GEHEIME MOORD

Dankgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – DVB (Diakonie)

By die deure – Sustentasie GKSA

Slotsang

Sing-

Ps. 40:3

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Sondag 3 September 2023

In die banke: DVB (Diakonie) By die deure: Sustentasië GKSA

Sondag 10 September 2023

In die banke: DVB (Diakonie) By die deure: Thusofonds

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ..



Snap here to pay

SnapScan

WYK – DIENSBEURT

Sondag – 3 September 2023 Wyk 2

Ouderling: Ferreira Meyer

Diaken: Lourens Pretorius

VERJAARSDAE

- 2 September Claudine Snyman
- 3 September Leja Johnston
- 5 September Tjaart Snyman
- 6 September Roelof Coetzee (Paardekloof)
- 9 September Jaco Vorster
- 14 September Illé Reinecke
- 16 September Drickus Nel
- 16 September DJ Vermeulen
- 16 September Lica Vermeulen

Mag ons 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

LIEF EN LEED

Almal wat in hierdie tyd ongestel is, operasies ondergaan het of nog moet ondergaan, ons bid u Gods seën op 'n spoedige herstel toe.

Br Kobus Swiegers bid ons volkome herstel toe na hy aan sy skoueroperasie. Mag dit ook 'n groot sukses wees.

Sr Hester Potgieter bid ons volkome herstel toe na sy tyd ongestel was.

Sr Magdalena Schoeman het nog 'n lang pad na herstel. Mag die Here haar in die tyd naby wees en haar ook genees en weer sterk maak.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R642 335-00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R353 885-00
Totaal van dankoffers vir Julie 2023	R43 935-00
Totaal van dankoffers vir Augustus	R37 050-00
Kermis inkomste vir 2023 tot op hede	R226 245.89
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 229 127-71
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 262 182-08
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R572-00 per lidmaat per maand

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Laerskool kategese. Gaan voort

Ons Hoërskool -kattisante is daar op 17 Augustus 2023 'n YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by <https://youtu.be/5d5TzxSkK0M> Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by <https://bit.ly/3RdpJDz> afgelaai word. Die volgende les sal DV die komende week opgeneem word.

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem. Die afgelope sustersaamtrek wat op 11 Maart gehou was het groot hoeveelhede toilet en ander higiëniese produkte aan Ouetehuis kon skenk. Ons is dankbaar daarvoor. Daar het ook kontant-skenking vanaf diakonie van Gerf Kerk Kimberley vir HJV ingekom. Daarvoor is daar ook groot dankbaarheid.

PRETORIA FM OPNAMES

Pretoria FM het ons genader vir opnames van 'n erediens, Dagopening en Dagsluitings, Oggendoordenkings en Huisgodsdienste. In totaal het hulle 27 opnames van ons af nodig. Almal wat graag hierin wil help en van die opnames wil doen, kan asb. met dr. Petrus kontak. Hy sal ook in die tyd sommige van ons lidmate vra om tuis van die opnames te maak. Gewoon die opname op WhatsApp se opnemer kan ook werk..

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

(Hierdie week se nuus vanaf dr. Victor ... ***(Goeiemiddag hier in Seoul)***)

Ek wou net noem dat Douard en Minette se troue Saterdag geseënd was.

Ek moes toe amper direk daarna hier na Korea vertrek (eergister hier aangekom) waar ek reeds gisteraand my eerste voordrag by IRTA ('n gereformeerde teologiese skool) se Teologiese Dag moes hou en vanaf vandag vir 'n week moet klasgee. Ek moet ook op twee Sondae elke keer by twee eredienspreke (verskillende gereformeerde kerke).

Baie groete uit Korea

ETIESE SAKE

Daar is 'n afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... Ons het die publikasie van prof. PW Buys rondom DANS – 'n gereformeerde etiese-studie ook opgelaai

U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Visitasie in gemeente- DV 6 September 2023 (komende Woensdag)

Besoek van Teol. Skool aan gemeentes in ons klassis DV 9-10 September 2023 (komende Sondag)

Diakonievergadering – 12 November 2023

Kerkraadsvergadering- 12 November 2023

Dorkasvergadering- 12 November 2023

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert270@gmail.com
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	ajviljoen@soetfontein.co.za
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 27/8	18
Kollekte 27/8 (Diakonie)	R 835-00
Kollekte 27/8 (Deure)	R 369-00
Kollekte Dorkas susters 30/7	R 872-50
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



Daar is nog heelwat wors in die kerk se vrieskaste beskikbaar. Snitte vleis is daar ook nog heelwat van oor. U kan vir br Francois Marais nader as u van die wors/vleis wil aankoop. Hy is Woensdae nie beskikbaar nie. Op enige van die ander dae is hy vanaf 8h30 tot net na 10h00 by kerk. Hy kan geskakel word by 076 612 2255. Of anders kan u dr. Petrus of sr Christine ook kontak as u op ander tye gehelp wil word. Petrus se nommer is 084 704 2348. Christine se nommer is 084 511 9620. Ons hoop dat ons spoedig die voorraad mag uitput?

'n Man wat sy toevlug tot 'n leuen moet neem, vind dikwels uit dat hy in 'n huis gaan skuil het wat nie 'n agterdeur het nie. (CJ Langenhoven).